LAERSKOOL BOSVELD PRIMARY HUISWERKBELEID

INLEIDING

Huiswerk is 'n intergrale deel van onderrig en leeraktiwiteite en vereis effektiewe bestuur deur opvoeders, die skoolhoof en leerders.

Leer by die huis is 'n essensiële deel van goeie opvoeding. 'n Goed-bestuurde huiswerkprogram, gebaseer op deeglike, gekoördineerde beplanning, leiding en kontrole, help leerders om die kennis, vaardighede en waardes wat hulle nodig het vir suksesvolle lewenslange leer, te ontwikkel. Huiswerk ondersteun ook die ontwikkeling van onafhanklike leervaardighede en bied aan ouers die geleentheid om deel te wees van hul kinders se opvoeding en onderrig.

DEFINISIE

Onder huiswerk word verstaan die buite-die-klas take wat die leerders, in opdrag van opvoeders, uitvoer as 'n uitbreiding van die werk in die klaskamer gedoen en wat gevolglik bydra tot hul leer.

DOELWITTE

Huiswerktake

- help om leer binne die klaskamer aan te vul en te versterk;
- kweek goeie lewenslange leer- en studiegewoontes;
- bied 'n geleentheid vir leerders om hul huiswerk onafhanklik en in hul eie omstandighede te doen, om sodoende hulle persoonlike verantwoordelikheid en individuele verantwoordbaarheid te verhoog;
- bied 'n geleentheid vir die onafhanklike inwin van kennis en om vaardighede te bemeester;
- versterk die verhouding tussen die huis en die skool deurdat die ouers op 'n betekenisvolle manier by hul kinders se onderrig betrek word;
- bied aan opvoeders die geleentheid om te kan assesseer of die leerders, dit wat hulle geleer het, in ander voorbeelde, oefeninge en take kan toepas. Die leerders se vordering kan dus gemonitor word en leerprobleme kan geïdentifiseer word;
- dra daartoe by dat die leerders en ouers verstaan dat die skool hoë verwagtinge van hulle koester.

Ouderdom-en-ontwikkelingsgepaste huiswerktake, tesame met ouerbelangstelling en -ondersteuning, dra by tot die bevordering van leer.

Huiswerk behoort nie tot gevolg te hê dat leerders nie aan buitemuurse aktiwiteite wat hul vaardighede, belangstelling en talente sal verbeter, kan deelneem nie. Huiswerktake moet relevant en betekenisvol wees, en leerders behoort dit in sodanige lig te beskou.

TIPES HUISWERK

1. **Praktiese Take** versterk nuut-aangeleerde vaardighede.
2. **Voorbereidende Take** help leerders om voor te berei vir aktiwiteite wat binne klasverband sal plaasvind.
3. **Uitgebreide Take** bied geleenthede vir die ontwikkeling en die verfyning van navorsingsvaardighede en die vermoë om onafhanklik te werk, terwyl voorafgaande leer toegepas word.

ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN VERSKILLENDE ROLSPELERS

RIGLYNE VIR OPVOEDERS

- Die doel van huiswerk is om die werk wat in die klaskamer gedoen is, vas te lê en te verryk. Voorts word basiese kennis en vaardighede gekonsolideer, en sodanig uitgebrei sodat 'n roetine vir onafhanklike tuisstudie vasgelê kan word.
- Betekenisvolle leer vind plaas wanneer leerders die leermateriaal herhaaldelik vanaf verskeie vertrekpunte ervaar. Huiswerk behoort die materiaal wat tydens klastyd geleer is vas te lê en bied dus geleentheid vir

uitgebreide insig in die konsepte wat in die klas aangeleer is. Opvoeders behoort so te beplan dat dit die leerders sal uitdaag om krities te dink en voorafgaande kennis en vaardighede te integreer.

- Huiswerk moet so ontwerp word dat dit die behoeftes van verskillende leerstyle sal akkommodeer.
- Die doel van die huiswerktaak sal afhang van die vak en die betrokke graad van die leerder.
- Opvoeders verseker redelike aantal ouderdoms- en ontwikkelingsgepaste take wat tuis deur leerders uitgevoer moet word.
- Huiswerktake behoort 'n verskeidenheid fisiese, kreatiewe en verbale take in te sluit, sodat nie slegs lees-en-skryftake deur leer-en-skryftake deur leerders tuis aangepak word nie.
- Huiswerk behoort altyd stimulerend te wees, maar nie te kompleks nie. Huiswerktake moet duidelike doelwitte hê, opdragte moet duidelik aan leerders verduidelik word, sodat leerders verstaan wat die taak behels. Opvoeders moet verseker dat die doel en relevansie vn die taak deur leerders en ouers verstaan word. Moet hulle nie negatief maak nie.
- Die positiewe effek van huiswerk vir kinders met spesiale opvoedkundige behoeftes behoort dieselfde te wees as vir die ander leerders. Dit is egter belangrik dat huiswerk gedifferensieerd is, waar moontlik, om sodoende in die behoeftes van die leerders met leerstoornisse te voorsien. Die klem sal in sulke gevalle eerder val op die vaslegging van kennis en vaardighede, in plaas van op integrasie en verryking.
- Huiswerktake moet gereeld geassesseer word en gereelde terugvoering moet aan leerders en ouers gegee word.
- Voorbereiding vir toetse en spesiale take sal ekstra tyd bo en behalwe die daaglikse huiswerk vereis.
- ***Normaalweg word geen huiswerktake gegee op die dag voordat 'n toets afgelê word nie, aangesien dit van die leerders verwag word om hersiening te doen op daardie dag.***
- Opvoeders behoort voldoende tyd te gee vir die voltooiing van projekte. Leerders behoort ten minste een week voor die skryf van 'n toets daarvan ingelig te word.
- Opvoeders moet in gedagte hou dat huiswerktake ook deur ander opvoeders gegee word, om sodoende 'n oorlaaide huiswerkprogram te verhoed.
- Alle huiswerkopdragte word op die skryfbord aangedui. Voldoende tyd moet ook aan leerders gegee word om huiswerk af te skryf.
- Huiswerk is ook op die skool se webblad beskikbaar.
- Voltooiing van werk wat in die klas gedoen word, word nie as huiswerk beskou nie.
- Opvoeders behoort die huislike omstandighede van die leerders in gedagte te hou wanneer huiswerktake beplan word.
- Opvoeders behoort buitemuurse bedrywighede in gedagte te hou wanneer huiswerktake beplan word.
- Geen huiswerk behoort oor vakansietydperke gegee te word nie.
- Opvoeders moet ouers in kennis stel van enige probleem t.o.v 'n leerder se huiswerk. Die opvoeder sal dan strategieë voorstel om die situasie te verbeter.

RIGLYNE VAN LEERDERS

- Leerders behoort hul tyd effektief te organiseer om sodoende te verseker dat die leerders genoeg tyd het om hul take effektief af te handel. Opvoeders gee riglyne t.o.v. tydsbestuur.
- Leerders behoort te leer om hul eie werk na te gaan vir onnodige foute en werk in te handig wat van hoogstaande kwaliteit is.
- Leerders teken alle huiswerk aan in hul dagboekies. Jonger leerders word in hierdie verband deur die opvoeder bygestaan, terwyl dit van die graad 4-7-leerders verwag word om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die afskryf van huiswerk in hul dagboekies.
- Leerders moet voltooide huiswerktake inhandig op die datum soos deur die opvoeder bepaal soos en op die huiswerkbord/instruksies aangedui.
- Leerders moet opvoeders vir hulp en ondersteuning vra wanneer hulle enige probleem met huiswerktake ondervind.

<u>STAPPE GENEEM WANNEER KLASWERK OF HUISWERK NIE VOLTOOI IS NIE/NIE GEDOEN IS NIE/NIE OP TYD INGEHANDIG IS NIE</u>

- Indien 'n leerder nie op datum is met die klaswerk nie, moet hierdie werk as addisionele werk tuis afgehandel word.
- Leerders word nie toegelaat om onafgehandelde huiswerk gedurende klastyd in te haal nie.

- Indien huiswerkopdrag nie gedoen/voltooi is nie, word die insident in die Byderhandboek aangeteken Na drie waarskuwings sal die leerder 'n geelbrief ontvang. Daar word dan van die ouer verwag om dit te teken.
- Projekte/take wat 3 dae na die tyd ingehandig word, sal nie aanvaar word nie. Vir elke dag wat laat is, word 20% van punte afgetrek, tensy 'n geldige skriftelike verskoning ingehandig word.
- Geen assesseringstake mag by die huis gedoen word nie. Sou 'n leerder sy assesseringstaak tuis doen sal hy/sy **geen** punte daarvoor ontvang nie.

RIGLYNE VIR OUERS

Ouers behoort:

- bekend te wees met die skool se Huiswerkbeleid;
- die belangrikheid van huiswerk as deel van die leerder se skoolloopbaan te verstaan;
- positiewe gesindhede teenoor die skool- en huiswerktake aan te moedig. Wees ondersteunend en positief teenoor die skool en die opvoeders voor die kind.
- soveel moontlik saam met hul kind te lees en 'n voorbeeld te stel deur self gereeld boeke te lees;
- gereeld met hul kinders te praat en te skryf, of om hulle te betrek by lees- en skryfwerk, bv. die skryf van 'n kruidenierswarelys. Dring aan op die korrekte spelling en die gebruik van volsinne wanneer vrae in hul moedertaal, asook die taal van leer en onderrig beantwoord word;
- die kind aan te moedig en te prys vir huiswerkopdragte afgehandel. Selfvertroue is van kardinale belang vir leer;
- optimale omstandighede vir die doen van huiswerk te skep bv. goeie fisiese omgewing; goeie beligting, vry van steurnisse;
- vertroud te wees met die kurrikulum inhoud, die vereistes, uitdagings en verwagtinge, assessering en vereistes vir progressie;
- hul kinders te ondersteun deur 'n huiswerkroetine daar te stel, bv. 'n spesifieke tyd waarop huiswerk gedoen word. Geen verskonings vir uitstel behoort toegelaat te word nie;
- effektiewe tydsbenutting aan te moedig;
- 'n poging aan te wend om die opvoeder beter te leer ken. Moedig die leerder aan om hul huiswerkopdragte, asook die terugvoering van opvoeders met u te bespreek;
- gereeld 'n lewendige belangstelling te toon in die kind se skoolloopbaan. Verleen hulp t.o.v. die bekom van die nodige verwysingsmateriaal, of by die huis, of deur die nodige vervoer te verskaf om dit te bekom;
- stimulering en belangstelling te toon sonder om te sanik of onnodige druk op die leerder te plaas. Wees ferm, maar redelik;
- opper besware/kommer t.o.v. die kind se vordering by die skool;
- gee leiding en ondersteuning met instruksionele take. Moet **NOOIT** die leerder se huiswerk/take doen nie. Indien 'n leerder byvoorbeeld nie 'n wiskundige probleem verstaan nie, moenie die probleem vir die kind oplos nie, maar verduidelik eerder 'n soortgelyke een. Die leerder sal nooit leer of ontwikkel as sy/hy nie self huiswerk doen nie;
- die opvoeder te ondersteun deur die kind se huiswerk te monitor, deur afgehandelde werk te onderteken indien die opvoeder dit versoek, en ook deur bewus te wees van die aantal huiswerkopdragte gegee;
- te monitor of leerder alle huiswerkopdragte voltooi het. Wees ondersteunend, maar moenie foute korrigeer nie, aangesien die opvoeder dan nie sal kan bepaal of die leerder hulp nodig het, of nie;
- oueraande gereeld by te woon;
- Onthou, beide u en die kind se opvoeder wil graag sien dat die kind presteer.

<u>HUISWERK BINNE DIE KONTEKS VAN CAPS</u>

GRONDSLAGFASE

Aanvanklik sal leerders hulp van die ouers nodig hê, maar hulle behoort geleidelik 'n onafhanklike benadering te ontwikkel soos hulle van een graad na die volgende vorder.

- Gereeld leessessies met ouers.
- Inoefening van vaardighede in klas aangeleer.

Aanbevole tyd per dag:

- ✓ Graad 1: 10 minute
- ✓ Graad 2: 20 minute
- ✓ Graad 3: 30 minute

INTERMEDIêRE FASE

- Kombinasie van take wat fokus op die inoefening van nuwe vaardighede, sowel as interaksie met nuwe kennis, op ‘n onafhanklike vlak.

Aanbevole tyd per dag:

- ✓ Graad 4: 40 minute
- ✓ Graad 5: 50 minute
- ✓ Graad 6: 1 uur

SENIOR FASE (Graad 7)

- Take wat die toegang tot informasie insluit,
- Mondelinge en skriftelike take en onafhanklike studie,
- Voorbereiding van vaardighede, bv. verwysingsmateriaal of werk aan ‘n projek

Aanbevole tyd per dag:

- ✓ Graad 7: 1 uur 10 minute

Let asseblief daarop dat bogenoemde slegs aanbevole tye is, wat voorbereiding vir formele assesserings insluit, bv. toetse en eksamens, en dat hierdie tye mag varieer na gelang van die kind se vermoë.